Begripsvraag 2: Graad 11 & 12 Afrikaans Huistaal

Deur: Lizet Korb

Lees die rubriek getiteld "Google se fragmente nie gelyk aan insig" deeglik deur en beantwoord die onderstaande vrae.

Google se fragmente nie gelyk aan insig

Wilhelm Jordaan

1. In sy heerlike stuitige liedjie "Lente in die Boland" lê Koos Kombuis onbedoeld 'n verband tussen twee intellektuele vaardighede (om te leer lees en skryf) wat nou weer in die kollig kom met die skokbevindings oor leerlinge wat nie verstaan wat hulle lees nie.
2. Dit blyk 41% van laerskoolleerlinge op die platteland wat in Engels skoolgaan, lees teen 'n spoed van minder as 40 woorde per minuut.
3. Dit beteken teen die tyd dat hulle aan die einde van 'n langerige sin kom, het hulle al vergeet waaroor die sin gaan. Die negatiewe invloed daarvan op betekenisvorming en begrip spreek vanself.
4. Ander navorsing toon hoe gebrekkige leesvermoëns tot gebrekkige skryfvermoë oorgedra word. En dié probleem word aangeskuif na die hoërskool en van daar na die universiteit waar baie studente (selfs op nagraadse vlak) se leesbegrip en skryfvermoë verbysterend swak is.
5. Dit is inderdaad 'n geval van 'n toenemende "geletterde onbevoegdheid" op universiteit wat niks goeds voorspel vir afgestudeerdes se nutswaarde in die werkwêreld nie.
6. Studente se taalbegrip is dikwels te swak om 'n gestelde vraag of probleem wat op insig gerig is, te snap. Hul werkende akademiese woordeskat is so beperk dat hulle sukkel om iets te begryp wat anders klink as waarmee hulle in 'n studiegids of handboek bekend geraak het en kon memoriseer.
7. Hulle raak dan Google-besete en versamel brokkies inligting wat "verwerk" word tot 'n losse opeenstapeling van stellings waartussen daar geen duidelike verband gelê is nie, en vaagweg op die gestelde vraag of probleem betrekking het. Dan is hulle ontsteld oor 'n swak punt, want "al die inligting is mos daar" – so asof inligting in die vorm van 'n versameling toepaslike woorde en frases gelyk is aan kennis, begrip en insig.
8. Baie dosente beleef nasienwerk as die las van 'n soort "speurwerk" – om studente se "kodetaal" te ontwar soos dit na vore kom in sinlose sinne sonder leestekens, voegwoorde en werkwoorde; onvoltooide sinne; afgekorte woorde; en selfs emotikone om hul "afgekorte" idees oor sake te beduie! Sommige dosente gee boedel oor – gee krediet vir wat hulle reken die studente dalk bedoel het.

9. Uiteraard vererger dit net die probleem en skep die illusie van akademiese gehalte.
10. Alles saam geneem, lyk dit of inligtingsparaatheid taalbedrewenheid verdryf het – asof die beproefde logika van sinsbou en sinsontleding wanneer jy lees en skryf onbelangrik geword het.
11. Dit is of studente hul studiemateriaal, en miskien ook die lewe in die algemeen, in lettergrepies bedink – SMS-erige, stotterende flentertjies gedagtes wat op een of ander wonderbaarlike manier vanself tot 'n ordelike en verstaanbare teks en geheel sal kom.

[Bron: *Beeld*, 8 Junie 2016]

Vraag 1

1.1 Lees die uittreksel van die Koos Kombuis-liedjie in die onderstaande blokkie en gee dan 'n gepaste **sinoniem** vir "stuitige" in paragraaf 1. (1)

> Daar's 'n dorpie wat ek ken daar tussen die blou berge
> ...
> Waar die mense van Gauteng soos die Capies kan leer praat
> Dis daar waar ek geswot het, ek het daar leer skryf en lees
> Maar die meeste van die tyd was ek in 'n party gees
> Wie kan die werk verstaan, wie kan die drank weerstaan
> As die onderdorp jou roep vir 'n groot, groot fees...

1.2 Waarom voel die skrywer dat die onderwerp van gebrekkige lees- en skryfvaardighede nou weer aktueel of relevant is? Betrek die teks in jou antwoord. (1)

1.3 Verduidelik die **gevolge** van onvoldoende leesspoed volledig in jou eie woorde. (2)

1.4 Dink jy daar is 'n **verskil** tussen die begrippe ongeletterdheid en "geletterde onbevoegdheid" (paragraaf 5)? Verduidelik noukeurig. (2)

1.5 Verwys na paragraaf 8.

1.5.1 Wie is die "Hulle" waarna hier verwys word? (1)

1.5.2 Verduidelik kortliks in jou eie woorde wat jy dink dit beteken om "Google-besete" te wees. (1)

1.5.3 Gee 'n goeie rede vir die gebruik van die **aanhalingstekens** ("verwerk") binne die konteks van die paragraaf. Motiveer jou antwoord. (2)

1.6 Gee telkens EEN woord vir die **toon** in "al die inligting is mos daar" (par.9) vanuit:

1.6.1 die studente se perspektief. (1)

1.6.2 die rubriekskrywer se perspektief. (1)

1.7 Verduidelik die **oksimoron** in "sinlose sinne" soos dit in par.10 gebruik word. (2)

1.8 Gee 'n gepaste emotikon vir hoe jy aflei *dosente* volgens paragraaf 10 voel. (1)

1.9 Verduidelik wat die **idiomatiese uitdrukking** "om boedel oor te gee" binne die konteks van paragraaf 11 beteken. (1)

1.10 Daar heers kommer oor studente se swak gebruik van leestekens, voegwoorde en werkwoorde – onder andere. Voer nou die volgende opdragte uit:

1.10.1 Kennis: Skryf die **voegwoord(e)** EN die **werkwoorde** wat in die sin in par. 12 voorkom, neer. (2)

1.10.2 Begrip: Wat is die funksie van die **uitroepteken** binne die konteks van par. 10? (1)

1.10.3 Toepassing én Insig: Bedink en skryf jou oplossing vir dié aspek van die probleem (studente se gebrek aan taalbedrewenheid) en formuleer jou antwoord in 'n goeie **veelvoudige sin**. Maak ook iewers in jou sin van 'n **leesteken**, wat 'n nodige klem aandui, gebruik. (3)

1.10.4 Verduidelik die **ironie** sou jy *nie* goed vaar met opdrag 1.10.1-1.10.3 *nie* binne die groter konteks van die leesstuk. (2)

1.11 Lees weer die slotparagraaf. Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken as studente "in lettergrepies" dink ten opsigte van:

1.11.1 hul studiemateriaal en (1)

1.11.2 die lewe in die algemeen (1)

1.12 Indien 'n mens die wiskundige "="-teken gebruik om uitdrukking te gee aan hoe studente volgens paragraaf 9 redeneer, sou dit soos volg lyk:

'n Versameling toepaslike woorde en frases = Kennis, begrip en insig

1.12.1 Gebruik nou 'n "="-teken om uitdrukking te gee aan die boodskap wat in die titel van die rubriek vervat is. (1)

1.12.2 Verduidelik nou die **verband** tussen die titel en die slotparagraaf volledig. (3)

[30]

Nasienriglyne

Nr.	Antwoord	Punt
1.1	lawwe/verspotte/stoute/speelse	1
1.2	Daar is pas weer skokbevindings en –statistiek oor laerskoolleerlinge se swak leesspoed/leesvaardighede bekendgemaak.	1
1.3	Met so swak leesspoed word 'n leerder se betekenisvorming en begrip aangetas omdat hy of sy nie 'n lang sin as 'n betekeniseenheid bymekaar hou nie. Boonop het ander navorsing getoon dat swak leesspoed en leesbegrip lei tot swak skryfvaardighede.	2
1.4	Ja. Daar is 'n verskil tussen die twee begrippe: 'n Ongeletterde persoon is iemand wat glad nie geleer het om te lees, ens. nie. Die betekenis wat hier aan "geletterde onbevoegdheid" geheg word, is iemand wat geleer het om te lees, maar die persoon se lees- en ander vermoëns is maar taamlik onvoldoende en gebrekkig.	2
1.5.1	Studente	1
1.5.2	Om Google-besete te wees is om soos 'n mal/wilde/onbeheerbare persoon jou vir alle antwoorde of inligting tot Google te wend vir hulp.	1

1.5.3	Die aanhalingstekens dui daarop dat studente enigsins dink hul verwerk inligting vanaf Google deur onsamehangende brokkies/stellings opeen te stapel, maar dit is geensins die geval nie (die sarkasme van die skrywer is in die aanhalingstekens te bespeur)./Die woord verwerk pas goed in hierdie rekenaarkonteks omdat studente, soos rekenaars, inligting prosesseer, maar die feit dat die woord tussen aanhalingstekens geplaas is, dui aan dat die verwerking deur studente nie heeltemal voldoende plaasvind nie en hul eerder die teendeel bereik. [Goeie rede wat die konteks betrek.]	2
1.6.1	verontwaardig/verbaas (studente)	1
1.6.2	sarkasties (rubriekskrywer)	1
1.7	Dit verwys na studente se sinne (wat per implikasie 'n betekenisgeheel behoort te wees) wat geen sinmaak nie omdat hierdie sinne dikwels onvoltooid is: voldoende leestekens, werkwoorde en voegwoorde ontbreek; woorde én idees word afgekort.	2
1.8	[Enige gepaste tekening (gesiggie) wat die dosente se emosie uitbeeld: verwarring/ ongelukkigheid/ontevredenheid]	1
1.9	Dosente gee die stryd om studente se werk te "ontwar"/heeltemal te verstaan, gewonne. [Konteks moet betrek word.]	1
1.10.1	voegwoord: en √ werkwoorde: vererger, skep √	2
1.10.2	Die uitroepteken dui hier op (die skrywer se) ontsteltenis/verbasing vir die swak wyse waarop studente uitdrukking gee aan hul idees in (formele) werkstukke.	1
1.10.3	Leerder se eie gepaste oplossing√ in 'n veelvoudige sin√ (hoofsinne+ neweskikkende voegw.)met 'n leesteken (nie skryfteken nie) wat klem aandui √, byvoorbeeld: Fokus in die huis en in skole behoort op basiese leesvaardighede te bly, want dit is belangrik – baie belangrik./Skole kan gerus meer moeite doen met die aanleer van navorsingsvaardighede, want behoorlike navorsing is belangrik!	3
1.10.4	'n Mens sou verwag dat met die geletterdheidsvlak van 'n seniorleerder die opdragte en vrae in 'n vraestel oor die algemeen goed beheers sal word, maar indien 'n leerder nie goed vaar in opdrag 1-3 nie, is hul 'n presiese, ironiese bewys van dit waarvan die generasie jongmense in die leesstuk beskuldig word: Leerders sonder 'n benul oor wat en hoe taalleer meewerk om betekenis te skep. [Oorweeg ander gepaste moontlikhede met die twee kante van ironie.]	2
1.11	Om studiemateriaal in "lettergrepies" te bedink, beteken dat hedendaagse studente nie meer 'n greep op die groter prentjie in vakinhoude het nie: hul sukkel onder andere om die werk te begryp en is nie goed met verbandlegging nie.√ Net so het hul nie behoorlike perspektief op gebeure in die werklikheid nie: geen gevoel vir oorsaak-en-gevolg nie en beoordeel 'n gebeurtenis dikwels op grond van 'n onmiddellike impuls binne 'n belaglike klein raamwerk (bv. 140 karakters op Twitter) sonder grondige motivering.√ [Let op eie bewoordings wat studiemateriaal en die lewe betrek.]	2
1.12.1	Google se fragmente ≠ insig	1
1.12.2	Die titel dui aan dat Google se brokkies/gefragmenteerde inligting nie insig verseker nie (al voel jy tydelik bemagtig deur 'n stukkie inligting) juis omdat o.a.samehang benodig word. Die "lettergrepies"/"flentertjies gedagtes" in die slotparagraaf sê presies dieselfde: volledige, samehangende, groot-prentjie-denke is nodig om studiemateriaal en die lewe te verstaan. ['n Begrip van titel en slotparagraaf – met 'n duidelike verband.]	3